e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

6 Augustus 2009
Jaargang 2 – Uitgawe 26

Toe Hy hulle voete klaar gewas het, sê Hy vir hulle: *"Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het?"*
Uit Johannes 13: 12

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Advertensie
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by **produksie@nhk.co.za**

Ons droom is dat alle mense in Jesus Christus sal glo as hoop vir die wêreld

VOORBLAD

Om aan te stuur of nie

Verskeie e-posse doen die rondte waarin geskryf word oor die mag van God en die *oproep tot verantwoordelike Christenskap*. Dit is gebede, opbouende boodskappe of mededelings van gebeure in mense se lewens of dinge wat hulle ervaar het deur die geloof. Problematies aan hierdie boodskappe is gewoonlik die gedeelte waarmee dit afgesluit word: ***As jy werklik kind van God is, stuur aan. As jy 'n wonderwerk wil ervaar, stuur aan. As jy 'n kind van God is, moet asseblief nie die ketting breek nie! As jy die werke van God wil sien gebeur, moenie die boodskap uitwis nie.*** 'n Voorwaarde word dus geskep.

Die inhoudelike van die boodskappe is nie noodwendig 'n probleem nie, maar dit waarop gesinspeel word, skep die verkeerde indruk: *As jy die e-pos binne 5 minute aan 20 mense stuur, sal jy 'n wonderwerk ervaar.* Om 'n wonderwerk te ervaar, moet daar eers iets gedoen word. 'n Voorwaarde dus wat bepaal dat as jy dít doen, dán sal jy die vrugte daarvan pluk. Die Bybelse gedagte van wat jy saai, sal jy oes (Gal 6: 7), sou hier in berekening gebring kon word.

Juis hierdie gedagte word verkeerd geïnterpreteer. Dat die mens binne God se skepping verantwoordelikheid moet neem, is nie te betwyfel nie, maar om die gedagte te handhaaf dat God eers sal optree of dat 'n Goddelike ingryping alleen moontlik is na gelang van dit wat die mens doen, kan nie geregverdig word nie. Vir God om iets te verrig, van watter aard ook al, is geen menslike bydrae of handeling nodig nie.

Gelowiges ervaar 'n stryd binne hulself oor wat reg en wat verkeerd is. Hulle ervaar 'n skuldgevoel as hulle moet besluit oor die aanstuur of uitvee van só 'n boodskap. *Wat as ek dit nie aanstuur nie? Sê nou maar iets gebeur met my?* Geloof moenie op vrese gebou word nie, maar op vertroue. Geloof kan nie daarop sinspeel dat God eers sal ingryp na die duisendste e-pos of SMS nie. Binne hierdie raamwerk word 'n voorwaarde geskep dat God eers na gelang van menslike bepalings sal intree.

'n Verdere aanmoediging om die boodskap aan te stuur, is die gebruik van geestelike manipulasie. Bybeltekste word aangehaal om die aanstuur van boodskappe te motiveer. Een van dié tekste is Markus 8: 38. *Wie hom dan vir My en my woorde skaam... vir hom sal die Seun van die mens Hom ook skaam...* Daar word dus geïmpliseer dat as jy kies om dit nié te doen nie, jy die gevolge daarvan moet dra. As jy dit wel doen, word 'n belofte van God se seën oor jou uitgespreek.

Om te impliseer dat God alleen werksaam is waar aan vereistes voldoen word, is valse verkondiging. Die Woord van God dui op vele plekke aan dat selfs ongelowiges (heidene) deur God gebruik kan word om sy werke te openbaar (byvoorbeeld in Jesaja 45 waar die heidense koning Kores deur God gebruik word om sy volk uit ballingskap te red).

Een van die grondbeginsels wat ons moet handhaaf, is die leerstelling oor God se genade. In Romeine 3: 21-31 word die verlossing deur God se genade opnuut beklemtoon. En die Woord is duidelik: ...*deur in Jesus Christus te glo* (vers 22).

Die verkondiging van redding op grond van goeie werke of om te impliseer dat God alleen sal intree na gelang van optrede wat dit moet voorafgaan, strook nie met die leer van genade en genade alleen nie. Om boodskappe te formuleer wat hierdie vereistes en voorwaardes dra, is teenstrydig met die leer en 'n groot bron van kommer, want dan word geïmpliseer dat God net sal reageer as die voorwaardes en vereistes wat die e-pos of SMS stipuleer, nagekom word. En dít is vals.

Ds Jaco Vogel, Heidelberg

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak asseblief die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas.

Beroep ontvang

- **Ds Wynand Rademeyer** (beroepafwagtend) na Vivo
- **Ds Leslie Kern** (Delareyville) na die Kuruman-kombinasie

Ds Wynand Rademeyer



Ds Leslie Kern

Beroep aanvaar

- **Ds Milankie van der Walt** (beroepafwagtend) na die kombinasie Namib-Suid
- **Ds Jaco van Sittert** van Pietermaritzburg (deelsorg) na Randburg (volsorg)

Ds Jaco van Sittert

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Ds Freddie Nortjé** van Gemeente Bergsig se skoonvader is na ’n lang siekbed oorlede. Meelewing word met die familie betuig.

- **Ds Coen (JC) de Lange** het ook ’n selfoonnommer, naamlik 072 725 4708. Voeg dit asseblief by op bladsy 37 van die *Almanak*.

- **Ds Johan (JPJ) Wagenaar** se nuwe posadres is Posbus 3257, Wilropark 1731, en sy nuwe e-posadres **jpjwagenaar@iburst.co.za**. Verander asseblief die besonderhede op bladsy 40 van die *Almanak.*

- Enigeen wat bereid is om drie skoolgaande kinders veilig **van Pretoria na Bloemfontein en terug** te vervoer vir die **langnaweek** Vrydag 7 Augustus tot Maandag 10 Augustus, word versoek om ds Lewis Strauss te kontak by 051 522 8825, 082 852 6438 of **ljstrauss@lantic.net**.

- **Die volgende predikante verjaar van 7 tot 14 Augustus**, en word hartlik geluk gewens:

  - Vrydag 7 Augustus: Di Kobus Celliers, Coenraad Strydom, Johans van Tonder, Rassie Smit en prof Lourens Steenkamp
  - Sondag 9 Augustus: Di Jan Schutte en Jaap Steenkamp
  - Maandag 10 Augustus: Ds Johan Ayres
  - Donderdag 13 Augustus: Ds Jan de Wet
  - Vrydag 14 Augustus: Di Koos Snyman en Arno Nieuwhof

- **Ds Jan Claassen**, wat op 10 Mei in Gemeente Strand ontvang is, het op Dinsdag 4 Augustus verjaar. Sy verjaardag is ongelukkig nie verlede week genoem nie, maar ons vertrou dat hy ’n aangename dag gehad het en dat hy uitsien na die uitdaging in sy nuwe gemeente.

Groenewald-gesin

- Enigeen wat weet van vriende of familielede in **Skotland** wat nog nie by die Suid-Afrikaanse gemeente inskakel nie, word versoek om **drr Jonanda en André Groenewald** te kontak by **jonandagroenewald@yahoo.com** of **groenstes@yahoo.com**. André is op 2 April bevestig as predikant in die gemeente Kirknewton en East Calder, 11 myl buite Edinburgh. Dit is ’n dinamiese gemeente wat verskeie aksies het, soos vyf huisgroepe wat weekliks ontmoet en Bybelstudie hou, gebedsgroepe, en vroue-aksies. Elke Sondag preek André met sy toga om 09:45 in Kirknewton, en dan om 11:15 in East Calder se kerk. Bo en behalwe die Sondageredienste, word daar een maal ’n maand gedurende die week ’n spesiale erediens gehou vir die bejaardes en twee maal ’n jaar ’n spesiale Nagmaal vir die

bejaardes. In die wintermaande word elke Sondagaand 'n kontemporêre erediens in die kerksaal aangebied. Die preke verskyn by **www.knec4jesus.org.uk** met 'n opname in klank vir diegene wat nie die eredienste kan bywoon nie. **(Lees ook die interessante artikel van dr André Groenewald in die September 2009-uitgawe van *Konteks*, wat teen die middel van Augustus beskikbaar sal wees.)**

- Die voltydse standplaas van **Gemeente Primrose-Oos** is vakant. Hulle wil graag gedurende Augustus 'n beroep uitbring, en nooi gelegitimeerde predikante van die Kerk wat sou belangstel om beroep te word om hul name en kontakinligting **voor 10 Augustus** aan die skriba deur te gee. Kontak Frans du Toit by 011 828 3272, 082 952 9561, 012 822 1669 (faks) of **nhkprimroseoos@gmail.com**.

- **Gemeente Vivo** het sy eerste predikant beroep nadat Dendron en Vivo saamgesmelt het. **Ds Wynand Rademeyer** is beroep.

- Ons het verlede week 'n berig geplaas oor die groentewinkeltjie wat deel vorm van 'n **barmhartigheidsprojek by Ruyterwacht Senior Sentrum** in Goodwood, Kaapstad. As u wil sien hoe die groentewinkeltjie lyk, ook die haglike omstandighede waarin sommige in die gemeenskap woon en van die barmhartigheidswerk wat daar gedoen word om die las te verlig, klik gerus op Gemeente Bellville se webblad, **www.nhkbellville.co.za**, waar foto's geplaas is wat op 4 Augustus geneem is.

- Soos verlede week berig is, is daar ook 'n insiggewende artikel oor ***fundamentalisme*** in **Gemeente Bellville** se Nuusbrief van Augustus 2009 geplaas. Besoek gerus die gemeente se internetwebblad by **www.nhkbellville.co.za** om die artikel te lees.

- 'n **Pelgrimstoer** vir Christene na Oberammergau en Israel via Switserland vind van 28 Mei tot 8 Junie 2010 plaas teen 'n mededingende toerprys. Daar is die opsie om die toer te verleng met 'n Nylvaart. Die toerleier is **dr Hennie Botes**. Kontak dr Botes by 014 743 0209 of **hjbotes@worldonline.co.za**.

- **Gemeente Potchefstroom-Suid** se geskiedenis vanaf 1955 tot 2005 (50 jaar) is geboekstaaf in 'n besondere **Gedenkbundel** wat teen R40 (posgeld ingesluit) beskikbaar is. Kontak die gemeentelike kerkkantoor (Dinsdae tot Donderdae van 07:45 tot 11:45) by 018 294 6871.

- 'n **Vrouebyeenkoms** vind plaas op **Maandag 10 Augustus** vanaf 09:00 by Gemeente Wonderboompoort, hv Eloffstraat en Mansfieldlaan, Eloffsdal. Die diens sal gelei word deur prof Yolanda Dreyer, en die sang word begelei deur Tertia Knobel en Cecilia van Tonder. Meer besonderhede kan verkry word van Janeke de Bruin by 012 335 0040 en Giesela Schwarzer by 012 335 4181.

- **Die Eendrachtkring** kom op **Vrydag 14 Augustus** byeen vir 'n **sop- en sjerriegeleentheid**. Meer besonderhede kan van mev Johanna Steyn, eggenote van ds Wilhelm Steyn, verkry word, by 012 348 2932.

- **Gemeente Brakpan** reël 'n **Manne-en Vroue-oggend vir Saterdag 15 Augustus** om 08:30 by die kerkgebou. 'n Ligte ontbyt sal aangebied word teen R50 per persoon. Die sprekers is ds Hennie Pienaar van die NG gemeente Dalpark en Ester Rothman. Skakel ds Pieter Uys by 011 740 9678 of mev Geerdré Uys by 082 557 8892.

- **Gemeente Philadelphia** bied 'n **Verhoudingsverrykingsoggend** aan op **Saterdag 15 Augustus**. Die spreker is ds Hannes van der Merwe en die koste is R50 per persoon (dit sluit 'n ligte ontbyt in). Die funksie is ten bate van Die Ondersteuningsraadkamp wat in die Septembervakansie plaasvind. Hierdie jaar gaan 100 behoeftige kinders saam en die koste beloop R700 per kind. Donasies is ook welkom. Kontak dr Sanrie de Beer by 083 226 1866.

- **Gemeente Noordelike Pretoria vier vanjaar hul 75ste bestaansjaar.** Verskeie geleenthede word beplan, insluitende ’n **klokkespelvertoning** op Vrydag 21 Augustus, ’n **Potjiekoskuier** op Saterdag 29 Augustus, en ’n **gemeentefees** van Vrydag 16 tot Sondag 18 Oktober. Ds André Strauss vra dat enigeen met inligting, foto’s of staaltjies hom moet kontak; hulle wil graag ’n **gedenkalbum** uitgee. Kontak ds Strauss by 012 335 9208, 082 710 2539 of **anly58@gmail.com**.

- **Gemeente Krugersdorp-Noord** bied hul jaarlikse **Musiekfees** aan op **Vrydagaand 21 Augustus** om 19:00 in die Klipkerk, hv Kruger- en President-straat, Krugersdorp. Die kunstenaars is die Cantaté-kamerkoor onder leiding van Lorette du Toit, die orrelis Ockie Vermeulen, die doedelsakspeler Liam O’Flaherty, die mannegroep *Unltd* en ’n instrumentale trio, plaaslike kunstenaars, Hoërskool Noordheuwel se koor, Paul Obermeyer en Rianda Fourie. Kaartjies kos R50 per persoon. Kontak ds Johan en mev Marita Fourie by 011 953 1402 of 072 278 1456.

- **Gemeente Springs-Oos** is op **9 September 50 jaar** oud. Verskeie geleenthede word beplan, onder meer ’n **optrede deur Gerhard Steyn** op Woensdag 9 September, ’n ***touch rugby*-toernooi** op Saterdag 12 September, en die **Feesnagmaal o**p Sondag 13 September. ’n **Gedenkalbum** en talle ander gedenkartikels is ook beskikbaar. Kontak die skriba, oudl Retha Laubscher, by 083 475 1962 of **rethalaubscher@telkomsa.net**.

- **Gemeente Balfour** is op **26 September 50 jaar oud**. Hulle **vier fees** die naweek van **11 tot 13 September**. Vrydagaand tree Rina Hugo op, en die kaartjies kos R70 per persoon (ete ingesluit). Op Sondag 13 September is daar ’n Nagmaaldiens (ook met ’n ete).

- Alle Hervormde vroue word uitgenooi om die **NHSV se Streekbyeenkomste** by te woon. Dit vind plaas **tot Saterdag 12 September**, en behandel onder meer die tema *’n Tyd om te volhard. Hervormde vroue in gesprek.* Gedurende **2010** vier die NHSV haar **70ste bestaansjaar**. Verskeie geleenthede en aktiwiteite word beplan. Besonderhede is beskikbaar van die NHSV hoofbestuur. Kontak mev Jeanette Fourie by 012 325 0117 of **nhsvhoofbestuur@nhk.co.za**.

****

Basaars en ander fondsinsamelings

- **Gemeente Vliegepoort** bied op **Saterdag 8 Augustus** die **Thabazimbi Apiesdoring Karnaval** aan. Skakel die karnavalvoorsitter, Isak Joubert, by 083 488 6357 of ds Hennie van der Linde by 083 507 0335 vir meer inligting.

- **Gemeente Klerksdorp-Oos Môrester** bied op **Vrydag 14 Augustus** ’n **biltong-ete en dans** aan. Kontak Veronica Blake by 082 969 1302, Petro Coetzee by 083 400 3250 (na ure 018 468 7070), of ds Stephan Botha by 018 462 9437.

- **Gemeente Rustenburg-Tuine** bied op **Vrydag 14 Augustus** ’n vertoning van die *Ses Snare* in die Rustenburgse Burgersentrum aan. Bespreek by Amanda Bouwer by 014 533 0297 of 014 592 9984 (ná 13:00) of by 082 796 8828.

- **Gemeente Vaalpark** bied op **Vrydag 14 Augustus** om 19:00 ’n **vertoning van Eden en Lianie May** aan by die DP de Villiersstadion in Sasolburg. Kaartjies is by Computicket of enige Checkers- of Shoprite-winkel te koop teen R100 en R120. Kontak Danie le Roux by 082 816 8453 of Dorea du Bruyn by die gemeentekantoor (016 971 1999) vir meer inligting.

- **Gemeente Roedtan** hou op **Saterdag 15 Augustus** vanaf 09:00 **basaar** in die heerlike tradisie van die Springbokvlakte, met die tema *Die ark is oop.* Kontak ds Thys Redelinghuys by **redinex@mweb.co.za,** 082 416 7724 of 015 667 0045.

- **Gemeente Erasmia** reël 'n **Bybelstap** vir **Saterdag 15 Augustus** by die Voortrekkermonument. Skakel 082 962 2870 of 012 370 3513 vir meer inligting.

- Die ***Randfontein EPR Fietswedren*** word op **Saterdag 15 Augustus** aangebied deur **Gemeente Sionspoort**. Inskrywings kan gedoen word by **www.cyclelab.co.za**. Vir meer inligting, besoek **www.sionspoort.org.za** of skakel 011 412 3163.

- Op **Saterdag 22 Augustus** tree Zak van Niekerk op by Laerskool Oosterkruin, Bataviastraat, Gerdview ten bate van **Gemeente Primrose-Oos.** Kontak Janita Swanepoel by 082 562 9628, Annelie Swanepoel by 082 870 7795 of Antoinette Jacobs by 071 672 6794.

- **Gemeente Springs-Oos** se **feesbasaar** vind plaas op **Vrydag 28 en Saterdag 29 Augustus** by die Driehoekterrein in Lodeyko, Springs. Kontak mev Adele Roets by 011 362 2570 na ure of Katrien Prinsloo by 011 815 1376.

- **Gemeente Theresapark** hou weer op **Vrydag 28 en Saterdag 29 Augustus** hul jaarlikse **Outydse Basaar** op die kerkterrein te Springboklaan, Theresapark. Verrigtinge begin Vrydag om 16:00 en Saterdag om 07:00. 'n Gratis potjiekoskompetisie met tradisionele etes word aangebied, en 'n boereorkes sorg vir vermaak. Kontak 012 542 3568, 012 542 1321 of 083 391 3151 vir meer inligting.

- **Gemeente Ottosdal** hou op **Vrydag 28 en Saterdag 29 Augustus** weer **Oesfees**. Vrydagaand is dit 'n gesellige saamkuier met die Visagie-broers van Lichtenburg as gaskunstenaars. Saterdag word 'n verskeidenheid aktiwiteite aangebied. Van 09:00 af sal daar pretfietsritte van 1, 5 en 10 km wees, asook 'n bestuursvernufkompetisie vir die mense wat hul motors se vermoë op die pretbaan wil uittoets. Daar sal ook 'n poppekas wees en 'n wetenskapvertoning deur Experi-Lab. Kontak Adri Botha by 082 403 5051.

- **Gemeente Mafeking** hou hul **Oppieplaasbasaar** op **Saterdag 29 Augustus** op die kerkterrein in Nelson Mandelarylaan. Daar is onder meer vakansie-akkommodasie te wen, en 'n Nguni-beesvel en twee skilderye sal opgeveil word. Plaaspatente kan ingeskryf word vir 'n kompetisie. Kontak Stephan J van Rensburg by 083 702 1341 of **stefanvr@gds.co.za**, of Adriaan Redelinghuys by 082 789 1523 of **adriaanred@yahoo.com**.

- **Gemeente Primrose** hou basaar op **Saterdag 29 Augustus** op die kerkterrein (hv Castor- & Plutostraat, Fishershill). Buite-uitstallers is welkom. Vir meer inligting, kontak Annatjie by 011 828 1649 of 083 360 2692.

- **Gemeente Zuurfontein** se gelukbringer, **Vlakie Zuurfonteiner, word 70** op Vrydag 4 September. Op dié Vrydag beland Vlakie op die spit, met vars vleis, groente, lekkernye en baie eetgoed te koop. Die **Karnaval** begin om 15:00 en hou aan tot laat. **Sondag 6 September** hou hulle 'n Lof- en Jubel-erediens om 09:00. Na die diens is daar 'n gemeente-ete. Kontak die skriba, Eddie Huggett, by 079 895 6102, 011 975 4114 (kantoorure) of **eddiehuggett@live.co.za**.

- **Gemeente Naboomspruit** hou op **Saterdag 5 September** om 18:00 'n **Osbraai** op die kerkterrein. Die koste is R50 per volwassene en R20 vir kinders onder 12 jaar. Bring u eie eetgerei en drinkgoed saam. Kontak Lena Kruger by 082 468 0814 of 014 743 1325 vir meer inligting.

- **Gemeente Pretoria-Oos** bied op **Dinsdag 8 September** 'n **gholfdag** aan by die Waterkloof Gholfklub. Skakel met die gemeentelike kerkkantoor vir meer inligting of om in te skryf. Kontak Diana Henry by 012 460 8441 of **ptaoos@nhk.co.za**.

- **Gemeente Montana** bied op **Vrydag 11 September** om 19:00 'n **vertoning met Mathys Roets** aan by Montana Hoërskool. Kaartjies kos R100 (volwassenes) en R50 (laerskoolkinders). Kontak die gemeentelike kerkkantoor by 012 567 1753, Salomie Stoltz by 083 308 0520 of Jorina Erasmus by 072 171 2502.

- Die gemeentes **Noordwestelike Pretoria** en **Philadelphia** bied op **Donderdag 17 September** 'n **gholfdag** by Akasia Gholfklub aan. Tydens die prysuitdelingsfunksie vind 'n lewendige uitsending van Rippel 90.5 se **RugbyRadio** vanuit die klubhuis plaas wat aangebied word deur Hennie Koortzen en Wynie Strydom. Van die **Bloubulspelers** gaan ook teenwoordig wees. Die koste is R350 per persoon of R1 200 per vierbal. Dit sluit in: gholf, funksie, ete en halfweghuis. Funksie alleen: R200 per persoon. Kontak Stephen by 083 781 2955) of Sanrie by 083 226 1866. **(Lees Sanrie en Stephen se onderhoud met Wynie Strydom in die September 2009-uitgawe van *Konteks*.)**

Wynie Strydom

- Die bestuur van die **Van der Hoff Teologiese Vereniging** beplan 'n **gholfkompetisie** vir **Dinsdag 22 September**. Kontak Marius Kramer by 082 346 7258, Elritia le Roux by 083 503 4262, Tiaan Loedolff by 073 529 1538, of Lise-Marie Swanepoel by 083 943 4561.

- **Gemeente Weltevreden** hou op **Dinsdag 13 Oktober** vanjaar sy 9de Jaarlikse Wilde Weste **Gholfuitdaging** by Eagle Canyon aan die Wes-Rand. Kontak Tinus de Wet by 082 774 7013 of Izane Cloete-Hamilton by 082 320 6168.

- **Gemeente Noordrand** hou op **Saterdag 17 Oktober konsert met Nianell en 'n kaas-en-wyn-ete** in die kerksaal. Die koste is R150 per persoon. Vir besonderhede en besprekings, skakel Anette Coetzee by 084 500 3989 of 011 958 1054, of Trudie Rees by 082 456 6975.

- **Gemeente Magaliesmoot** hou van 2 tot 5 Desember 'n **Kersmark**. Belangstellendes kan hul eie produkte daar kom uitstal of verkoop. Kontak Elma by 082 954 7955 vir keuring.

ANDER NUUS

- 'n **Fondsinsameling** word gehou vir die Diakonale Pleegsorghuis Sinoville (bekend as **DPS Kinderhuis Montana**). 'n Skildery (sien links) kan gewen word met inskrywings van R50 elk. Skakel Helené Erasmus by 076 138 6128.



- Die **Kerkhistoriese Genootskap** van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika vier op **8 Oktober** sy **50-jarige bestaan**. Die Genootskap was reeds verlede jaar 50 jaar oud, maar vanweë moeilike omstandighede kon geen Kongres plaasvind nie. Vanjaar word 'n tweede keer aan Calvyn se lewe en werk aandag gegee omdat hy 500 jaar gelede gebore is. Tydens die geleentheid wat vir 8 Oktober by die kerkgebou van Gemeente Meyerspark beplan word, sal ook op die afgelope halfeeu teruggekyk word. Kontak die voorsitter van die Genootskap, prof Schalk Botha, by 072 020 3264 vir meer inligting.

Belangrike vergaderings

- Die volgende vergaderings is vroeër beplan, maar kon moontlik intussen verander het. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

    - Maandag 10 Augustus (vakansiedag): Direksie van ***to care***

- Woensdag 12 Augustus: Raad vir Regsadvies
- Donderdag 13 Augustus: Direksie van Monument-tehuise; Raad vir Pastoraat en Presbiteraat; Komitee vir die Kerklied

KOMMENTAAR

- **"**Baie dankie vir u moeite en puik webblad. Ons geniet dit baie. Sterkte met u bediening daarmee.**"**

Eddie Huggett, Skriba: Zuurfontein

- **"**Graag maak ek van die geleentheid gebruik om julle geluk te wens met die *e-Hervormer*. As administratiewe beampte in Gemeente Naboomspruit ontvang ek elke Vrydag die nuusbrief. Ons gemeentelede geniet dit baie.**"**

Lena Kruger, Naboomspruit

- **"**Wat vir my regtig aangrypend is, is om te sien hoe 'n mooi en positiewe reaksie die teks van aartsbiskop Buti Tlhagale (op die agterblad van verlede week se *e-Hervormer*) ontlok het uit Calvinistiese geledere en dat daar selfs na ons verwys word as *ons Rooms-Katolieke geloofsgenote* – sulke uitsprake vul 'n mens met hoop.**"**

Leon Mostert, Rooms-Katolieke priester
by die Oratorium van St Filip Neri, Oudtshoorn

ADVERTENSIE



- **Gauteng Manskonvensie 2009, Saterdag 15 Augustus 2009**
  Behoud is die tema van die konvensie. Dit is 'n kristalhelder blik op die hart van die evangelie in 'n wêreld vol verwarring oor wat ons behoort te glo aangaande sy Kruis, sy Opstanding, sy Terugkeer en sy Woord. Kom ***dink, praat en sing*** saam. Vir meer inligting, gaan na **www.christenkonvensies.co.za**.

AGTERBLAD

'n Identiteit vir die Kerk

'n Belangrike gesprek oor die Kerk se visie, korporatiewe identiteit en koördinering het op Donderdag 30 Julie by die sinodale kerkkantoor plaasgevind. Verteenwoordigers van al die kerklike rade en ander liggame het saam met lede van die Moderamen besin oor maniere waarop ons kan verseker dat al ons werk duidelik verband hou met ons Kerk se visie *dat alle mense in Jesus Christus sal glo as hoop vir die wêreld*. Daar was wye konsensus dat ons kerklike aktiwiteite en kommunikasie beter gekoördineer moet word. Die beplanning daarvoor moet rekening hou met die Kerkjaar en wêreldwye kerklike gebeure, en elke kerklike aktiwiteit sal in terme daarvan op 'n gegewe tyd van die jaar die geleentheid kry om in die kollig te staan. Ons kerkwerk moet ook gekoppel wees aan 'n jaarlikse tema. Die tema vir 2010 is *Saam in diens*, en die gedagte is dat elke raad, elke kerklike instansie en elke gemeente op dié frase kan uitbrei om te verduidelik hoe hulle saam met die res van die Kerk dien. Die Kerk se werk en boodskap moet ook in beeld gekommunikeer word, en SENTIK se konsepvoorstelle oor hoe dit visueel gestalte kan kry in ons publikasies, skryfbehoeftes, kennisgewingborde en alle kommunikasie is met entoesiasme ontvang.

Dr Wouter van Wyk

Ons droom is
dat alle mense
in Jesus Christus sal glo
as hoop vir die wêreld

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Ds André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx